

NEËLTJIE ZEHNDER SE ONTHOUPAADJIE

Sorgvrye kaalvoetdae

Ek skryf my herinneringe aan my kindertyd 1943 tot 1955 neer, maar ek is bewus daarvan dat daar bewyse is dat ons geheue nie die beste bron van geskiedskrywing is nie. Ons is dikwels skuldig daaraan om van die feite te verander en valse besonderhede by ons geheue te voeg sonder om dit te besef. Wat ek kwytraak, doen ek so goed en so na aan my waarheid as moontlik.

Ek is op 1 Augustus 1943 in Heidelberg, Transvaal, gebore en gedoop. Ek het my ouma aan moederskant se naam gekry – my ouers het gedink vir dogters is een naam genoeg. Ek kan nie veel van die tyd voordat ons *Skaapplaas* toe getrek het – Vrystaat toe, Riemland toe, hartland toe – onthou nie!

Skool

Ek het op *Schaapplaats* begin skoolgaan net voor ek ses geword het. Die skool se getalle was laag en die Departement wou dit sluit en daarom is ons drie wat in Sub-A was, aldrie aan die begin van die derde kwartaal skool toe.

Die skool was 'n eenvertrek-sinkgeboutjie. Daar was geen lopende water nie en 'n puttoilet so 'n entjie van die skool af. In die klaskamer was daar 'n ronde stofie wat sowat 40 cm in deursnee en 'n meter hoog was en wat in die middel van die vertrek gestaan het. Teen die tyd wat dit gestook en aan die brand was, was die ergste vroegoggendkoue reeds verby.



My sesde verjaarsdag, 1949

Ons het met 'n trêppie skool toe gery en as die skool vir die Paasvakansie gesluit het, het ons dit *gevier* deur iets op ons koppe te sit (het ons dit self gemaak?) en kosmos langs die pad te pluk en dit orals vas te maak.



Ons op ons feestelik-versierde trêppie, 1955

Ons het 'n gawe perd, Prins, gehad waarmee ons daaglik die bietjie meer as drie myl (so vyf kilometer) skool toe aangedurf het. Daar was 'n groterige kamp waarin die perde kon wei en ná skool het ons die perde gaan vang en ingespan. Al die kinders in die skool het met trêppies skool toe gekom. Een keer het iemand die hek oopgelos en moes ons huis toe stap. Ons het kortpad deur 'n mielieland gevat wat net voor oestyd was en die mielies was hoog en droog sodat ons nie kon sien waarheen ons op pad was nie!

Die totale aantal kinders in die skool was so om en by vyftien van Sub-A tot Standaard 5. (Op die foto is ons dertien).

Terwyl ek daar op skool was, was daar twee onderwysers. Daar was 'n mnr. de Ridder wat van die Kaap-provinsie (tans Wes-Kaap) gekom het en as die weer gedreun het, kon ons inspan en huis toe gaan. Hy was nie donderweer gewoond nie. Ons het nie omgee nie en ons kon glad nie sy vrees verstaan nie. As ek vandag daaraan dink, was ons baie veiliger tydens 'n Hoëveldse donderstorm binne die geboutjie as op die vlakke op 'n trêppie! Hy het ons in 'n stadium 'n blomtuin laat aanlê. Een bedding was in die vorm van 'n vurk, die ander een 'n lepel en die ander een 'n mes. Net die lepel het iets beteken. Die plantjies was skaars aan die gang, toe is daar 'n kommandowurmplaag en ons moes die wurms doodmaak wat, nodeloos om te sê, nie suksesvol was nie!



Foto van die skoolkinders met mnr. Smith in 1955

Die onderwyser wat ná hom gekom het, was mnr. Smit, die pa van ds. Nico Smith na wie 'n straat in Pretoria vernoem is. Mnr. Smit was reeds afgetree en 'n goeie onderwyser. Ek onthou hoe ons Vrydae ná pouse hoofrekeninge gedoen het. Verder onthou ek KGV en GGD in somme en dat ons Bybelhoofstukke soos Jesaja 55 uit ons kop moes leer. Verder kan ek van wat ek geleer het, niks onthou nie. Van lees onthou ek net Sus en Daan, en van Aardrykskunde die groot kaart van die Vrystaat op die vloer en ons drie (wat in dieselfde standerd was), op ons knieë, soekend na dorpe en riviere.

Ek kan nie onthou van huiswerk of dat ons tuis moes leer nie. Ek kan ook glad nie onthou dat ek ooit eksamen geskryf het en of ons rapporte gekry het nie. Dit moes seker gebeur het, maar dit was in daardie stadium van my lewe nie belangrik nie en daarom onthou ek dit nie.



Die skoolgeboutjie soos dit tans daar uitsien

Soms het die Departement 'n kas appels gestuur en dan het ons pouse elkeen 'n appel gekry. In die winter is daar op die stofie kakao gemaak met meer water as melk, wat vir ons as plaaskinders wat baie melk gewoond was, nie lekker was nie.

Pouses het ons allerhande speletjies gespeel soos *Ring a Ring o' Roses*, *Wolf-wolf hoe laat is dit?* *Aljander aljander so deur die bos*, *my ma en pa maak lekker kos*, en later met albasters. Ons het in 'n stadium van Louw Wepener geleer en dan het ons pouses met gedroogde perdemis as ammunisie geveg! Buite die skoolkamp was geel potklei waar ons, as dit gereën het, op die nat potklei geskaats en dikwels geval het.

Ons kon aantrek wat ons wou en daar was geen sport of enige handwerkaktiwiteite nie.

Op pad was daar smiddae ouvolk wat in die son gesit het. Ons het dikwels na hulle verwys as *patakaly* – die Sotho naam.

Ouvolk



Gesinslewe

My ouers was baie arm. Hulle was van die armlankes na wie in die verslag van die Carnegie-kommissie van 1932 verwys is. Hulle het 'n ruk op die boormasjiene gewerk en in sinkhuisies gebly. Waarna daar gesoek is, weet ek nie: Steenkool? Goud? Daarna was hulle bywoners in die Heidelberg-distrik (Transvaal) totdat my pa en sy broer saam 'n plaas in die Heilbron-distrik gekoop het (1947). Dit was sogenaamde kompanjiegroond wat in 800 morg-grootte plase opgedeel is. Die plaas se oorspronklike naam, *Schaapplaats* het na die Afrikaanse spelling *Skaapplaas* verander.

Ons het tussen niks en nêrens gewoon. Op Wolwehoek was die stasie, die poskantoor en 'n winkel – so 18 myl (amper 30 km) van ons af. Die dorp (Heilbron) was ongeveer 25 myl (40 km) vanaf *Skaapplaas*. Die kerk was op Oranjeville wat ook ver was met heelwat plaashekke om deur te gaan. Ons het 'n kapkar gehad en ek was in die skool voordat my pa 'n ou stasiewa kon aanskaf waarmee dorp toe gery kon word om by 'n winkel uit te kom vir benodigdhede soos meel en suiker.

My oudste broer is in 1948 gebore en hy en my sussie het lekker saamgespeel. Vir my was hy lastig en het my enigste pop se oë ingedruk. Vandag is ek baie erg oor my broers. My jongste broer is in 1955 gebore toe ek Standaard 5 was in 1955.



My pa was 'n flukse boer wat hoofsaaklik met mielies geboer het en my ma 'n flukse huisvrou. My ouers was baie lief vir mekaar en ons het 'n gelukkige kinderlewe gehad. My ma was 'n tuinier van formaat en ons het altyd blomme en groente gehad. Die boorgatwater was baie brak en gaste het soms gevra of ons sout in die koffie gegooi het. Later is reënwater vir kookdoeleindes opgevang en 'n waterversagter geïnstalleer. Saans is Boeke-gevat en dan het ons gekniel vir gebed. Daar was 'n Miller-lamp op die tafel en as die gebed darem te lank geword het, het ek vir myself gesigte getrek in die bolvormige weerkaatsende houder van die lamp waarin die paraffien gegooi is. Een aand was my sussie erg ontsteld en het my verkla dat ek onder die gebed vir haar gesigte getrek het! Sy het dieselfde idee as ek gehad en ek het haar nie eens gesien nie. Dit was die einde van my tydverdryf terwyl my pa gebid het. Behalwe die Miller-lamp het ons kerse gebruik.

My ouers met my en my suster met die kapkar

My pa het êrens gehoor van 'n trekker wat te koop was en hy is met die trein Kaap se kant toe vir die transaksie. So beland die Munktell op die plaas wat twee vore geploeg het en toe gaan staan die ystergevaarte.



**Die Munktell was 'n Sweedse trekker met ysterwiele
(Bollinger Munktell – vervaardig tussen 1939 en 1946)**

My ouers het albei net Standerd 6 voltooi, maar later, toe dit finansiële beter gegaan het, het hulle hul plek in die gemeenskap volgestaan. Hulle was bedrywig in die kerk en ook in die Landbou-unie en Vroue Landbou-unie.

My ma was 'n voorslag in die kombuis en het gebrei en gehekel en eers met kalkoene en later met hoenders geboer.

Toe dit beter gaan, het my ma op tydskrifte soos *Die Huisgenoot* en *Patrys* ingeteken. As my pa van Wolwehoek gekom het met die pos, was dit vir my hemel op aarde om iets te lese kon kry.

Ons het in 'n stadium 'n platespeler gekry wat mens moes opwen. Ek onthou Chris Blignaut en 'n opname van Aïda. Waar dit vandaan gekom het, weet nugter. Dalk was dit my ma se broer s'n wat na die VSA geëmigreer het.

Familie

My pa se broer en sy gesin het naby ons gewoon, want hy en my pa het die 800 morg verdeel sodat elkeen op 400 morg geboer het. Ons het baie goed oor die weg gekom en my niggies was vir my meer soos susters. My oom het 'n Ford-bakkie gehad toe die plaas gekoop is en dit was die basiese vervoermiddel.

My ma se ouers het by ons op die plaas kom woon. Oupa was 'n onsuksesvolle boer en het nooit iets bymekaar gemaak nie. Hy sou eerder 'n politikus wou gewees het. Ouma was 'n verfynde dame en ons het graag daar gaan kuier. Oupa was 'n penkop in die Anglo-Boereoorlog en het onder generaal Smuts geveg. Hy was 'n Kaapse rebel wat ná die oorlog gevange geneem is. Hy

moes tronk toe loop terwyl die gekleurde persoon wat hom aangejaag het, te perd was. Daarvoor het hy die Engelse nooit vergewe nie. Later het hy op die koerant ingeteken – seker *Die Volksblad*. As my pa Wolwehoek toe is, het hy met 'n klomp opgerolde koerante teruggekom.

My pa was een van ses kinders. Die vier seuns het almal geboer. My ma-hulle was drie kinders. Sy was die oudste en my oupa wou haar nie hoërskool toe stuur nie, want hy het gemeen dit is te gevaarlik omdat daar was te veel karre in die strate was (ca. 1928)! Haar broer, wat ná haar gekom het, sou kwansuis as 'n seun darem beter koes vir motors. Hy is ná skool Tukkie toe om teologie te studeer en het 'n beurs gekry om aan Princeton te studeer (1945) waar hy sy Th/Ph.D. behaal het, waarna hy Nuwe Testamentiese Studies aan Princeton doseer het. My ma se suster kon gaan studeer en was 'n onderwyseres in Pretoria.

My pa se ouers het in die Heidelberg-distrik (Transvaal) gewoon en ons kon nie gaan kuier nie omdat ons nie vervoer gehad het nie. Van my oupa Strydom weet ek baie min.

Werkers

Ons het 'n paar statte op die plaas gehad. My ouers het hul werkers goed behandel. My ma het 'n huiswerker gehad wat daaglik ingekom het, een wat kom was en stryk het en een wat op 'n Donderdag kom poets het. Die huiswerkers het op 'n rotasiebasis kom werk sodat almal iets kon verdien. Ek onthou dat daar 'n seremonie tydens 'n droogte was waar met papelels op en af gehardloop is terwyl ge-ululeer is, om aan die hemel te wys dat daar nie kos is nie – nie pap om te roer nie.

My pa is *Mafata* genoem. Dit beteken die man wat met sy vinger(s) in die grond grawe, want sodra hy geplant het, sou hy 'n paar dae later gaan grawe om te kyk of die pitte ontkiem het. Ek was *Mmamsa* wat 'goed' beteken en my sussie *mmamsabetsi* – dus goed+sabetsi wat 'werk' beteken. Sy was 'n besige kind – op en af – terwyl ek meer van die stilsit-soort was!

Ek onthou hoe ek en een swart maatjie saam gespeel het. Ons het 'n gaatjie in die grond gemaak en 'n aantal perskepitte daarin geplaas. Dan kry elkeen 'n beurt; 'n pit word in die lug gegooi, pitte uitgehaal en die pit weer gevang. Dan weer die pit in die lug en dan die pitte terugskuif in die gaatjie met een wat moet agterbly. Misluk jy omdat te veel agterbly of al die pitte word teruggeskuif, is dit die ander een se beurt. Daar was 'n skooltjie op die plaas wat my pa vir die plaaswerkers se kinders begin het.

Ons liewe huisdokter was ook die distriksgeneesheer en as daar 'n krisis was, soos een keer op 'n Sondag tydens 'n bevalling het hy die 25 myl van Heilbron af plaas toe gery.

Een van die dosente op Witsieshoek, ek dink dit was professor Andries Odendaal, 'n studentemaat van my ma se broer op UP, het op die plaas kom kerk hou en daarna by ons kom eet.

My pa kon goed Sotho praat maar ongelukkig het nie een van ons kinders dit aangeleer nie.

Behuising

Ons het in 'n huis gewoon wat met rou- of grondstene gebou is. Die stene was van klei gemaak wat in die son drooggebak is. Die mure is met klei gepleister en afgewit. In die kombuis was 'n Jewel-koolstoof waarin met mieliestronke vuurgemaak is. Stronke brand vinnig uit en die vuur moes gereeld gestook word. Dit was ook moeilik om iets in die oond te bak. As die stronke gebrand het, was die temperatuur nie dieselfde as wanneer die vuur begin smeul het nie. Langs die stoof was twee melkkanne met water. Die badkamer het 'n blikbad gehad en 'n waskom en Saterdag was baddag met warm water wat op die stoof warm gemaak is. Ons het 'n puttoilet gehad.

Ek was in Standaard 4 toe my ouers kon bekostig om 'n siersteenhuis met lopende water, 'n ordentlike badkamer en 'n spoeltoilet te bou. Die Jewel-stoof is ná 'n tyd met 'n Aga vervang. In 'n losstaande deel van die Aga was waterpype wat warm water verskaf het. Antrasiet was baie beter as stronke! Daar was ook 'n enjin wat batterye kon laai vir elektrisiteit. Die yskas, wat ons ook toe gekry het asook die vrieskas, het met paraffien gewerk.

Die plaas

Die plaas was aanvanklik bedek met grasveld – rooi gras – met 'n vlei wat in die middel deurgeloopt het en net water gehad het as ná baie reën. Dan was dit 'n breë stroom water. Aan die een kant was die sogenaamde Swartbult (swart turfgrond) en aan die ander kant die Vaalbult (sanderige grond). As dit baie gereën het, moes my pa kettings om die motor se wiele sit anders kon ons die Swartbult wat glad nie steil was nie, beswaarlik uitkom.



Daar was 'n vlak gronddam wat my pa by die boorgat gegrawe het. Die vinke het nes gemaak in die palmiete wat daar gegroei het. Ek en my sussie het gaan eiertjies uithaal en my pa se Joseph Rodgers-knipmes laat val en erg benoud maar tevergeefs onder die water rondgesoek. Ons moes gaan bieg. Pa was gelukkig nie kwaai nie. Die eiertjies was baie mooi blou gespikkeld en ons het dit uitgeblaas en aan 'n toutjie geryg. Later is daar, ook by die windpomp, 'n sementdam gebou waarin ons in die somer geswem het. Dit was taamlik diep en ons het al aan die rand gehang totdat ons vingertjies se velle vanweë die growwe sement deurgeskuur was.

Sementdam met die gronddam, oorgroei met palmiete, in die agtergrond

Daar was heelwat statige sekretarisvoëls op die plaas en slange wat ons net swart slange genoem het asook ouvolk.

Slotsom

Ons het soos in 'n kokon op die plaas grootgeword en baie selde dorp toe gegaan. Kerk-toe was slegs met Nagmaal, want dit was ver na Oranjeville. Ons was vroeg daar vir die Voorbereidingsdiens, dan die Nagmaal en daarna het ons vir koelte die middagete wat ons saamgebring het onder 'n brug oor die rivier geëet. Ná ete was dit Nabetrugting en Kinderdiens en dan is ons huis toe. Een maal per maand is by die mense in die omgewing se huise 'n biduur gehou wat my pa dikwels gelei het. My pa was verantwoordelik vir die Sondagskool wat by ons aan huis gehou is vir wie ook al dit kon bywoon.

Die kokon het 'n opening na die buitewêreld gemaak toe ek in Standaard 2 was en my oom uit die VSA ons kom besoek het. Hy het met 'n skip tot in Kaapstad gekom en met die trein tot op Wolwehoek.

Ons het in 'n stadium toe ek so in Standaard 3 was by die skool gespog oor wie al oor 'n telefoon gepraat het! Ons het eers 'n slingertelefoon gekry nadat ons in ons nuwe huis ingetrek het. Die sentrale was op Wolwehoek.

Toe ek hoërskool toe is op Heilbron (1956), het die aantal kinders my oorweldig. Ons was maar so 400 leerlinge in die ganse skool, maar vir my was dit 'n menigte. Skielik was ek in 'n koshuis en was daar baie klaskamers en baie onderwysers. Dat mnr Smith 'n goeie grondslag gelê het, was duidelik want die skoolwerk was nie vreemd nie. Ons moes in die somer skoene dra en 'n swaar tas met baie boeke.

Die volgende was universiteit-toe gaan. Toe ons so op die R101 by Valhalla verbyry na die verwilderende rit deur Johannesburg het ek dit sterk oorweeg om my liewe pa te vra om om te draai. Ek was seker ek kon met Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op my matrieksertifikaat by Sasol in 'n laboratoriumwerk kry. Klaradyn was intimiderend en die kampus ook. Maar net vir die eerste week.

En, toe trou ek met 'n Switser en Europa is skielik 'n werklikheid en daar is nie meer sprake van 'n kokon nie. Die plaasmeisie was nie meer net Vrystater nie.

Neeltjie Zehnder

2020-11-30
